

D.H. Cilliers: Albert se Aandeel aan die Afrikaanse Beweging tot 1900

Ons het hier te doen met die aandeel van die mense van die distrik Albert, met Burgersdorp as hoofdorp, aan die stryd om die erkenning van Hollands en Afrikaans. Die boek is uitgegee deur die Burgersdorpse Seëlkomitee, Posbus 119, Burgersdorp; en die prys is R7,80.

Hierdie publikasie is in werklikheid die verhandeling van prof. D.H. Cilliers vir die M.A.-graad by die Universiteit van Suid-Afrika in 1937. Sy bronne omvat 'n verskeidenheid van kontemporêre geskrifte, soos boeke, verslae, en tydskrifte; daarby het hy 'n hele aantal bejaarde mense geraadpleeg, en begryplikerwyse ook publikasies oor die geskiedenis van die Afrikaanse taal en letterkunde. Die werk word uitgegee na aanleiding van die Taal-eeufees, wat onlangs op Burgersdorp plaasgevind het.

Die skrywer vertel die merkwaardige verhaal van die taal-aksie van 'n aantal boere en ander ingesetenes van 'n afgeleë binnelandse distrik. Onder die boere vind ons manne soos D.P. van den Heever (bekende Oom Daantjie van dié kontrei), A.S. du Plessis, W.A. Smit e.a.; en onder die dorpsbewoners predikante, en ook dosente van die destydse Gereformeerde Kweekskool op Burgersdorp, waar, terloops, ook Totius sy opleiding gehad het.

Dis die verhaal van koersvaste mense, wat ondanks moeilikhede en opoffering, hul ideaal identifiseer en onvermoeid nastrewe - en dit in 'n tyd toe Hollands in skool en staat nog geen erkenning geniet het nie.

Die bekroning van Albert se taalbedrywigheid, wat reeds in 1858 begin het, het 'n kwart-eeu later gekom, toe die gebruik van Hollands in die ou Kaapse Parlement amptelik goedgekeur is. Ter herdenking het hulle 'n voorlopige, eenvoudige steen opgerig maar terselfdertyd besluit om 'n blywende, waardige taalmonument daar te stel. Dit het in Januarie 1893 gebeur: 'n klassieke vrouebeeld uit Carrara-marmer, op 'n bypassende sandsteen-voetstuk en met prominente byskrif: Vrijheid voor de Hollandsche Taal. Geldelike bydraes het van oor die hele land gekom; vyf dae lank is daar feesgevier; 3 000 het die onthulling bygewoon; Onze Jan Hofmeyr e.a. het die woord gevoer; - en tot vandag toe is dit die enigste monument vir die Hollandse taal in Suid-Afrika.

Prof. Cilliers het die verhaal mooi en duidelik vertel; ons is dankbaar dat hy die navorsing met toewyding, nougesetheid en piëteit uitgevoer het.

Aangesien dit egter M.A.-werk is, en die skrywer dit bowendien reeds vyf-en-veertig jaar gelede gedoen het, lê dit voor die hand dat daar wat wetenskaplike vorm en inhoud betref, tekortkominge sal voorkom. Dit sou seker verhelp kon gewees het as die betrokke komitee van Burgersdorp nie besluit het om - soos hy self sê - die werk "om kultuurhistoriese redes onveranderd" te laat verskyn nie.

Ek kan nie insien watter verdienste daar in so 'n besluit lê nie. Vir my staan dit eerder vas dat as prof. Cilliers sy jeugwerk eers weer nagesien en die nodige veranderings aangebring het, dit 'n nog beter bydrae tot die Burgersdorpse Taal-eeufees sou

gewees het. Hy sou dan ongetwyfeld verwysings na sy bronne beter kon versorg het; in die lys van geraadpleegde by elke werk die plek en jaartal van uitgawe kon vermeld het; en ook 'n inhoudsopgawe en 'n register kon gegee het, wat nou 'n gevoelige gemis in die werk uitmaak.

Hy sou sy mooi verhaal ook van meer sinvolle bespreking kon voorsien het. Nou bly die problematiek soms in die lug hang. Net één voorbeeld: Dit is die einste Oom Daantjie van den Heever, taalvegter, Afrikaner-kultuurman, wat in 1882 op die Bondskongres op Cradock verklaar "hij had die Engelse taal even lief als de Hollandse, doch de eerste kende hy niet;" en dit is ook hy wat op dieselfde kongres hom die woorde laat ontval: "Ik ben, hoop ek, een vaderlandslievende Hollands-Afrikaner, maar als iemand durven zou zijn hand aan de Britse vlag te leggen, zal ek hem voor de kop schieten." Prof. Cilliers, met die ervaring en insig waaroor hy vandag beskik, sou, gegewe die tyd en geleentheid, vir ons seker betekenisvolle lig op so 'n paradoks kon laat val het.

Maar ek moenie kritiek aksentueer nie, want ek het die werk met vreugde gelees. Ek het grootgeword in 'n ouerhuis wat naby die Taalmonument op Burgersdorp gestaan het; met kinderlike verwondering het ek dikwels na die sierlike vrouebeeld gekyk, en met besieling het ek later die boodskap leer verstaan.

By alle belangstellendes wil ek die werk sterk aanbeveel.

*H. B. Thom.*